Hierdie Erasmusse boer al 200 jaar in die Agterkliphoogte

Deel 1

Sasa Malan (sasamalan@gmail.com)

'n Uittreksel uit die oorspronklik in Capensis *4/2010 tot 2/2011*

In die Middel-Bossiesveld, Robertson se wêreld, woon daar op die plaas Wansbek[#] in die Agterkliphoogte aan die Poesjenelsrivier[1] al geslagtelank die familie Erasmus. Hulle voorvader is twee honderd jaar gelede in die vallei gebore.

Terugblik

Teen ongeveer 1740 het die streek tussen die Breërivier en die Riviersonderendberge die belangstelling van boere begin trek en weilisensies is mettertyd aan 'n verskeidenheid persone uitgereik. Van die eerste verwysings na die omgewing lui dat Willem van As, 'n oud-Heemraad, van Augustus 1747 tot 1757 baas was *aan de Posenelles revier aande doorns tussen de breede revier en de gebergte*[2].

Boere het hulle mettertyd meer permanent in die Agterklip-hoogte gevestig. Nadat die regering in 1813 die VOC se stelsel van leenplase vervang[3] het met dié van ewigdurende erfpag (ook bekend as die 'quit-rent'-stelsel) is eiendomsreg meer permanent gevestig. In die praktyk het registrasie egter baie geleidelik plaasgevind. In 1838, tien jaar ná sy dood, word die plaas De Fontein geregistreer vir Rasmus Daniel Erasmus[4]. Kort voor sy dood in 1830 bepaal hy en sy vrou in 'n kodisil tot hul testament dat die langslewende die plaas uit die boedel mag koop, vir 6 000 gulden, Kaapsche waarde. Hul beskou die plaas dus toe reeds as hul eiendom[5].

Die plaas Wandsbek word ook in 1838 geregistreer vir Frederik Stephanus Watermeyer[6]. Dié plaas en De Fontein het vroeër blykbaar saam as Poesjenelsrivier bekend gestaan.

Watermeyer het nie in die omgewing bly woon nie en verkoop Wansbek – soos dit later gespel is — aan 'n seun en vier kleinkinders van Rasmus Erasmus[9]. Sedertdien word Wansbek met die Erasmusse geassosieer.

Daar is heelwat bespiegel oor waar die naam Wansbek vandaan kom. In die buitewyke van Hamburg, tans in Duitsland maar vroeër by tye ook onder Deense beheer, is 'n plek Wandsbeck. Mettertyd is daar geglo dat die plaas vernoem is na die plek waarvandaan die Erasmus-voorvader na die Kaap gekom het. Daarby het nog die afleiding van sekere genealoë gekom dat Pieter Erasmus die man is na wie 'n keer of wat in VOC-opgaafrolle verwys word as 'Pieter den Deen'[10].

Dit is egter bekend dat die Watermeyers wél van Hamburg gekom het. Frederik was van die eerste geslag wat aan die Kaap gebore is[7] en hierteenoor was Rasmus Daniel reeds van die derde generasie Erasmusse gebore in Suid-Afrika en het sy geslag waarskynlik nie te veel belanggestel in waar Pieter Erasmus vandaan gekom het nie.

Dit was dus Rasmus Daniel, en sy vrou Sophia Maria de Kock, van De Fontein wat die Erasmusse in die Agterkliphoogte 'geplant' het. Volgens oorlewering het hulle kort ná die begin van die 19e eeu 'uit die rigting van Botrivier oor die berg getrek' en hulle op De Fontein, taamlik hoogop in die vallei, gevestig.

Die Agterkliphoogte is nie baie goed bedeeld met water nie, want die Poesjenels is nie standhoudend nie. Oor die afgelope 200 jaar was daar gevolglik ook heelwat waterkwessies. Boerderyomstandighede in daardie tyd was waarskynlik, soos nog vandag, grootliks beïnvloed deur die beskikbaarheid van water; die vallei lê in die droë skadukant van die Riviersonderendberge. Die boere wat die naaste aan die bolope gewoon het, was die beste daaraan toe want 'aan die belang van die man ondertoe het hulle hul min gesteur', aldus A H Tromp[2]. De Fontein van Rasmus Daniel Erasmus het sy naam gestand gedoen: die sterk standhoudende fontein loop vandag nog.

Die geskiedenis van die familie in die Agterkliphoogte begin dus eintlik met hierdie egpaar en ons het probeer om hulle hele nageslag op te spoor. Hul tweede seun, Daniel Johannes, is die voorvader van die huidige Wandsbeckers, maar ons het ook die ander twee broers se nakomelinge nagevors, want in *SA Genealogië* gaan die register van hierdie Erasmustak net tot by die kinders van Rasmus (b3c5d9) en Sophia (b4c16)[8].

Rasmus was 'n agterkleinkind van die stamouers, Pieter Erasmus en Maria Jooste; sy pa was Lourens (c5), seun van Lourens (b3) en Martha Pienaar (b2c2) wat in die Agterbokkeveld gewoon het[11]. Rasmus se ouers, Lourens (c5) en sy vrou Margaretha Louisa de Bruyn (b4c2) het in die omgewing van die huidige Worcester gewoon met 'n gesin van elf kinders, plus een uit Lourens se eerste huwelik. Rasmus Daniel was die negende van hierdie twaalf kinders[8].

Lourens en Margaretha, Rasmus se ouers, het gewoon op die plaas Doornrivier. Dit is egter onseker watter Doornrivier dit was – daar was een in die wyk Overhex en nog een in die wyk Voorste Bossiesveld[12], albei in die omgewing van die huidige Worcester. Dit laat ons met die vraag: waarom het Rasmus Daniel met sy trek gekom vanaf Botrivier, dus uit die suide, in plaas van vanaf die noordweste waar sy familie gewoon het?

Van Botrivier na die Agterkliphoogte

Die vermoede is sterk dat Rasmus en Sophia hul getroude lewe begin het by haar ma, Margaretha Johanna Otto (b1c1), die weduwee Josias de Kock. Sophia Maria was die jongste en sestiende kind van Josias de Kock (b4, s.v. Servaas en Susanna van Booven), oudheemraad van Stellenbosch; haar ma was die tweede vrou[13].

Daar is in die literatuur melding van die woonplek van Margaretha Otto, die weduwee Josias de Kock. W B E Paravicini de Capelli wat genl. J W Janssens vergesel het op sy reis deur die land gedurende die Bataafse tyd aan die Kaap, skryf in sy dagboek op 2 April 1803 *reeden wy voort de groote landweg houdende, aan welkers beyde zyden onderscheidene Leeningsplaatsen leggen*. En in 'n voetnota sê die redakteur van Paravicini se boek, W J de Kock, die roete wat hulle gevolg het, is ongeveer soos die huidige nasionale pad gaan o.a. verby Botrivier (by die plaas Compagniesdrift van die wed. Josias de Kock)[14]. Dit is nie vergesog om te dink dat die jong Erasmus-egpaar aanvanklik by die De Kock's gewoon het nie; trouens in hul testament opgestel in 1806[15] word gesê hulle is *woonende aan de Botrivier*. Op 7.7.1798 is daar 'n attestasie[16] van Rasmus Daniel om van Swellendam, waaronder Worcester was, te verhuis na Stellenbosch waaronder Botrivier was. Vanaf Botrivier is hulle toe na die Agterkliphoogte om daar uiteindelik selfstandig gaan woon.

Die egpaar Rasmus en Sophia het slegs vier kinders gehad. Die eerste twee, 'n seun en 'n dogtertjie Magritha Johanna Louisa, wat jonk oorlede is, is blykbaar nog by Botrivier gebore. Daarna is nog twee seuns in die Agterkliphoogte gebore.

Die oudste seun Lourens Stephanus (1803 – 1881)[17], getroud met Elsje Sophia Storm (1807 – 1871), het slegs twee dogters nagelaat. Die oudste Sophia Danielina Margarieta (1832 – 1910) is getroud met die Hendrik Christoffel de Wet (1812 – 1872) van Goudini en hulle het dáár gewoon; die jonger Elsje Sophia Carolina (1834 – 1897) is getroud met Marthinus Hendrik Theunissen (1829 — 1874) saam met wie sy na die weste van die destydse Transvaal verhuis het; ná sy dood trou sy met Hendrik Wilhelmus Huysser.

Dit is waarskynlik hierdie oudste seun van Rasmus, Lourens Stephanus, na wie die siviele kommissaris wat in 1862 ondersoek ingestel het na die wenslikheid van besproeiïngskemas vir die Robertsondistrik, verwys as mnr Lourens Erasmus van die Bosjesveld wat reken 'n behoorlike dam op sy plaas sal die waarde van die grond verdubbel.

Rasmus se tweede seun Daniel Johannes, getroud met Anna Petronella Marais, het 'n groot gesin van sewe seuns en twee dogters gehad[19]. Dit is hy en vier van sy seuns wat Wandsbeck gekoop en onderling verdeel het en dit is van sy Erasmus-nageslag wat nog op Wandsbeck woon; later weer meer oor hulle.

Die jongste seun Josias Christiaan (1813 – 1902)[20] getroud met Gertruida Jacoba Maria Smit (1818 – 1906) het op De Fontein saam met sy weduwee ma bly woon. Dié egpaar het een seun en twee dogters gehad. Die enigste seun, Rasmus Daniel Josias (1843 – 1888) getroud met Magdalena Christina Susanna Crous (1843 – 1920) is oorlede op die betreklike jong ouderdom van 45 jaar. Hy het net een dogter nagelaat. Josias se twee dogters is albei met De Wets

getroud: Neeltje Sophia (1840 – 1917), soos haar niggie, met ’n Hendrik Christoffel de Wet (1832 – 1911) van Goudini en Sophia Johanna Gertruida met Jacobus Johannes de Wet (1845 – 1925).

Kootjie en *Sofytjie* de Wet het op De Fontein bly woon en van hul nageslag boer nog in die Agterkliphoogte, hoewel nie meer op De Fontein nie. Die huis wat Rasmus en Sophia op De Fontein gebou het, bestaan nie meer nie en die plaas het met verloop van tyd verskeie eienaars gehad, sommige van wie nie self daar gewoon het nie. Die verwaarloosde grafstene van Josias Christiaan en sy vrou Getruida is egter nog daar te sien.

Die kinders van Rasmus en Sophia en die nageslag van die twee takke waarin die van, Erasmus eindig
(gn = geen nageslag)
b3c5d9
Rasmus Daniel *06.04.1779 ≈15.08.1779 †1830 x 14.11.1802 **Sophia Maria de KOCK** *25.03.1781 Botrivier, dist Caledon †01.08.1875 De Fontein, aan huis van Josias Christian, d.v. **Josias de Kock** en **Margaretha Johanna Otto**

e1 **Lourens Stephanus** *07.09.1803 Botrivier, dist Caledon ≈23.10.1803 Tulbagh †17.08.1881 Wansbek x 05.10.1828 Worcester **Elsje Sophia STORM** †17.03.1871 Wansbek, d.v. **Johan David Storm** en **Cornelia van Billion** (MOOC 6/9/181—2443)

f1 **Sophia Danielina Margarieta** *23.10.1832 †24.02.1910 x 25.01.1852 **Hendrik Christoffel de WET** *02.03.1812 †21.12.1872 (MOOC 13/1/1821—197)

[g1] **Cornelius Marthinus Johannes de WET** ≈1863 Worcester

[g2] **Hendrik Christoffel de WET** *c1871 †16.01.1953 Sylvan Rest, Nuy

[g3] **Lourens Stephanus de WET**

[g4] **Paul Jacobus de WET x Maria Johanna MARAIS**

[g5] **Jacobus Hendrik Stofberg de WET**

[g6] **Elsje Sophia de WET gn** †11.01.1892

f2 **Elsje Sophia Carolina** *09.04.1834 Worcester †16.05.1897 Uitval Kop, Wyk Hart River, dist. Bloemhof x **Marthinus Philippus THEUNISSEN** *22.02.1829 Hartebeestkraal, Riviersonderend †14.12.1874 Oorbietjies-fontein, Potchefstroom xx **Hendrik Wilhelmus HUYSER** (MOOC 6/9/369—2786)

[g1] **Jacobus Daniel THEUNISSEN** *14.04.1860 ≈13.05.1860 Robertson †Jonk?

[g2] **Lourens Stephanus Erasmus THEUNISSEN** *25.10.1861 ≈21.11.1861 Robertson

[g3] **Elsie Sophia (Carolina) THEUNISSEN** *31.05.1863 ≈11.07.1863 Robertson x **Jacobus Petrus van der MERWE**

[g4] **Marthinus Philippus THEUNISSEN** *c1865

[g5 **Hester Anna THEUNISSEN** *30.10.1867 ≈11.12.1867 Robertson x **Frederik Johannes HUYSER**

[g6] **Rasmus Daniel Christoffel THEUNISSEN** *09.05.1869 ≈15.08.1869 Robertson.

[g7] **Anna Wilhelmina THEUNISSEN** *18.06.1871 ≈06.08.1871 Robertson x **Jan Burger SMIT**

e2 **Magritha Johanna Louisa gn** *12.05.1806 †04.08.1813

e3 **Daniel Johannes** *01.02.1810 Robertson ≈01.04.1810 †27.02.1877 Robertson x 25.10.1835 **Anna Petronella MARAIS** *08.03.1813 Roode Hoogte, dist. Robertson †19.03.1885, haar huis op Wansbek, d.v. **Abraham Petrus Marais** en **Maria Magdalena Rossouw** (Hul nageslag is die Wansbekkers en hul besonderhede volg later.)

e4 **Josias Christiaan** *01.08.1813 De Fontein, dist Worcester, nou Robertson †01.01.1902, sy huis op De Fontein x 25.07.1839 **Gertruida Jacoba Maria SMIT** *11.07.1818 †01.12.1906, d.v. **Alwyn Petrus Smit** en **Cornelia** (Neeltje) **de Wit** (MOOC 13/1/1161—94 & 95)

f1 **Neeltje Sophia** *03.05.1840 †20.03.1917 x **Hendrik Christoffel de WET** *12.12.1832 †15.01.1911 (MOOC 6/9/5234—63032)

[g1] **Joseas Christian de WET**

[g2] **Matthijs Johannes de Villiers de WET**
[g3] **Gertruida Jacoba Sophia de WET**
[g4] **Theunis Jacobus de WET**
[g5] **Rasmus Daniel Joseas de WET**
[g6] **Helena Christina Marijna de WET**
[g7] **Martha Helena de WET**
[g8] **Gesina Susanna de WET**
[g9] **Susanna Maria de WET**
[10] **Getruida Elizabeth de WET**
[g11] **Jacobus Daniel de WET**
[g12] **Hendrik Christoffel de WET**

f2 **Rasmus Daniel Josias** *12.04.1843 †17.10.1888 x c1863 **Magdalena Christina Susanna CROUS** *05.01.1843 Robertson †06.01.1920 Danielsfontein, Boshof OVS d.v. **Jan Crous** en **Maria Aletta Johanna Marais** (MOOC 13/1/559—8)
g1 **Maria Aletta Johanna** *28.01.1870 ≈13.09.1870 Robertson x **Pieter Arnoldus ROSSOUW**

f3 **Sophia Johanna Gertruida** (Sofytjie) *04.08.1850 †16.10.1894 x c1873 **Jacobus Johannes** (Kootjie) **de WET** *04.10.1845 †16.08.1925 (MOOC 13/1/1161—94)
[g1] **Josias Christiaan de WET** *05.02.1874 ≈29.03.1874 Robertson x **Maria Johanna MALHERBE xx Gertruida Jacoba ERASMUS**.
[g2] **Gertruida Jacoba de WET** *06.11.1875 ≈10.01.1876 Robertson †24.12.1924 Uitnood, Robertson x **Daniel Jacobus Crous le ROUX**
[g3] **Martha Sophia de WET** *15.07.1877 ≈07.10.1877 Robertson x **Philip LOURENS**
[g4] **Sophia Maria de WET** *14.08.1879 ≈03.09.1879 Robertson
[g5] **Cornelia Maria Margaretha de WET** *25.02.188
[g6] **Maria Jacoba Johanna de WET** *10.09.1886
[g7] **Elizabeth Johanna de WET**

Daniel Johannes se nageslag – die huidige 'Wansbekkers'
Soos reeds gesê, is dit die tweede van Rasmus en Sophia se seuns, Daniel Johannes *1810 en vier van sy seuns wat Wansbek gekoop het van Frederik Watermeyer. Daniel Johannes se nakomelinge woon nou reeds vyf of ses geslagte lank op dié plaas; hulle noem hulself dus die Wansbek-Erasmusse, selfs sommige van dié wat nie meer in die vallei woon nie.

Op 21.5.1878[9] vind ons die registrasie van die verkoop van Wandsbek deur Watermeyer aan vyf Erasmusse wat dit onderverdeel. Hulle is Josias Christiaan (d9e3f6), Louwrens Stephanus (d9e3f3), Gabriel Johannes (d9e3f8), Pieter Stephanus (d9e3f9) en Daniel Johannes (d9e3).

Daniel Johannes was getroud met Anna Petronella Marais en hulle het 'n groot gesin gehad: afgesien van bogenoemde vier seuns nog drie ander, wat hulle elders vestig, en ook twee dogters[21].

b3c5d9e3
Daniel Johannes *01.02.1810 Robertson ≈01.04.1810 †27.02.1877 Robertson x 25.10.1835 **Anna Petronella MARAIS** *08.03.1813 Roode Hoogte, dist. Robertson †19.03.1885, haar huis op Wansbek, d.v. **Abraham Petrus Marais** en **Maria Magdalena Rossouw**. (MOOC 6/9/210—621)
f1 **Abraham Petrus**, boer van Twaalffontein *11.09.1837 Wansbek †11.10.1930 Twaalffontein, Villiersdorp
f2 **Rasmus Daniel Johannes** *24.10.1838 †04.07.1913
f3 **Louwrens Stephanus** *24.10.1838, De Fontyn †30.01.1931 Wansbek
f4 **Maria Magdalena** *c1841 †22.03.1927 Robertson
f5 **Sophia Maria** *c1842 †18.04.1926 Nooitgedacht, Caledon, huis van seun Daniel Johannes Erasmus du Toit
f6 **Josias Christiaan** Boer Klipbergfontein *04.09.1845 †30.08.1930

f7 **Johannes Gideon Cornelis**, Boer en wamaker, *1849 †21.02.1881, sy huis, Robertson
f8 **Gabriel Johannes** *27.10.1851 †17.06.1930
f9 **Pieter Stephanus** *17.10.1853 Robertson †25.11.1918 Robertson

Die huidige Wandsbeckboer, Daniel Johannes, en sy broer Johannes, is die manlike nakomerlinge van die jongste seun, Pieter Stephanus (1853 – 1918)[22] wat getroud was met Susanna Maria du Toit (1871 – 1923). Dié egpaar het 'n gesin van elf gehad: vier seuns en sewe dogters waarvan egter slegs een seun, Daniel Johannes, 'n Erasmus-nageslag gehad het.

Hierdie Daniel Johannes was getroud met Helena Johanna Conradie en hul enigste seun Johannes Conradie (1928 – 2006) trou met Johanna Susanna Conradie (1930 – 2005). Hulle is die ouers van Daniel Johannes en Johannes. Dit is Danie, die oudste, wat die ou Wandsbeckopstal nou weer in ere herstel het.

b3c5d9e3f9
Pieter Stephanus *17.10.1853 Robertson †25.11.1918 Robertson x 03.02.1891 Robertson Susanna Maria du TOIT *13.07.1871 Caledon †08.12.1923 Robertson, d.v. Pieter Wouter Theron du Toit en Johanna Petronella de Vos (Inligting hoofsaaklik van die familie)
g1 **Daniel Johannes** *28.11.1891 Robertson ≈27.12.1891 Robertson †24.12.1981 Robertson x 22.07.1919 **Helena Johanna CONRADIE**, d.v. **Johannes** en **Helena Conradie** (MOOC 1956/82)
h1 **Helena** *14.04.1920 †19.01.1992 x 14.05.1941 **Gert CONRADIE** s.v. **Gert J** en **Martha Conradie**
[i1] **Gerhardus Jacobus CONRADIE**
[i2] **Daniel Johannes CONRADIE**
[i3] **Helena Johanna CONRADIE x Bennie BOTHMA**.
[i4] **Willem Bruwer CONRADIE**
[i5] **Martha Catharina CONRADIE x George MARX**
h2 **Susanna** *12.02.1923 x 03.11.1951 **Daniel Gerhardus MALAN** *29.08.1925
[i1] **Lynette MALAN**
[i2] **Le Roux MALAN**
[i3] **Daniel** (Niel) **MALAN**
h3 **Johanna** (Hanna) *03.05.1924 x 24.08.1945 **Machiel Samuel KNOETZE** *16.06.1916 †08.11.2005, s.v. **Gideon Knoetze** en **Christina Vosloo**
[i1] **Deon KNOETZE**
[i2] **Elna KNOETZE**
[i3] **Christa KNOETZE**
[i4] **Danie KNOETZE**
[i5] **Mike KNOETZE**
h4 **Pieter** *03.05.1924 †c1926.
h5 **Johannes Conradie** *05.08.1928 †10.11.2006 Wandsbek x 14.06.1852 **Johanna Susanna CONRADIE**, *13.01.1930 †05.07.2005, d.v. **Frikkie Conradie** en **Helena le Roux**
i1 **Daniel Johannes** (Danie) *20.04.1953 x 16.07.1977 **Hendriena Petronella** (Petro) **JOUBERT**, d.v. **Johannes Petrus Joubert** en **Fransina Christina Dorfling**
j1 **Francel** *09.08.1980 x 04.11.2006 **Cobus RABIE** *26.5.1978
j2 **Janine** *04.01.1983 x 12.12.2009 **Puren Josua JOUBERT** *13.7.1983
j3 **Danielle** *08.07.1985 x 11.9.2010 **Howard Edward JACKSON** *7.2.1978
j4 **Daniel Johannes** *04.08.1989.
i2 **Frikkie Conradie** *24.09.1956 †1957.
i3 **Lindie** *20.07.1958 x **Philippus J Albertus** (Philbert) **LOURENS**, s.v. **Johan Lourens** en **Trutie Truter**
[j1] **Juné LOURENS**
[j2] **Lenél LOURENS**
[j3] **Phildene LOURENS**
[j4] **Lindie LOURENS**
i4 **Anele** *20.05.1961 x **Willem SMIT**, s.v. **Hekkie** en **Miemie Smit**

[j1] **Hein SMIT**
[j2] **Johannes Erasmus SMIT**
i5 **Johannes** (Hannes) *19.07.1964 x **Cecilia MARAIS**, d.v. **Japie** en **Kotie Marais**
j1 **Johannes Conradie** (JC)
j2 **Ronel**
j3 **Jani**
g2 **Johanna Petronella gn** *24.06.1893 ≈06.08.1893 Robertson †25.05.1965 Robertson
g3 **Pieter Wouter gn** *11.07.1895 ≈01.09.1895 Robertson †17.02.1896
g4 **Anna Petronella** *02.02.1897 ≈02.03.1897 Robertson †14.10.1963 Robertson x 24.04.1922 Robertson **Pieter Willem CONRADIE**
g5 **Pieter Stephanus gn** *30.12.1898 ≈05.02.1899 Robertson †31.07.1922 Robertson
g6 **Susanna Maria gn** *26.03.1901 ≈05.05.1901 Robertson †19.02.1903
g7 **Maria Magdalena gn** *26.03.1901 ≈05.05.1901 Robertson †01.03.1975 Robertson
g8 **Catharina Maria gn** (Kitty) *29.10.1902 ≈07.12.1902 Robertson †24.11.1961 Robertson
g9 **Sophia Maria gn** *14.11.1905 ≈07.01.1906 Robertson †14.07.1906 Robertson
g10 **Josias Servaas gn** *01.08.1907 ≈06.10.1907 Villiersdorp †19.11.1976 Robertson
g11 **Ongedoop** *10.07.1909 †10.07.1909

Verwysings en notas

1. ’n Interessante naam! Poesjenel = Nederlands vir hanswors of ook marionet
2. Tromp A H, *Robertson 1853 – 1963*, Eeufeeskomitee van Robertson, 1953
3. Van der Merwe P J, *Die noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek (1770 – 1842)* pp. 126-7. Sun Press 2006
4. Akteskantoor Kaapstad. Worcester Q/s 8 p 11 – 4: Die Fontein 148, 1/11/1838 ‘Grant’ aan Rasmus Daniel Erasmus
5. Kaapse Argiefbewaarplek (KAB), MOOC 7/1/111 (136 & 137)
6. Akteskantoor, Kaapstad: Worcester Quits Vol.8 Fol. 3: Wandsbek 138 (Voorheen Poesenelsrivier), 15/10/1838 ‘Grant’ aan Frederik S Watermeyer
7. Malan O G & S S Short, “Die vroeë Watermeyers en die Poggenpoels”, *Familia* vol. 34 p. 152
8. Genealogiese Instituut van SA (GISA), *Suid-Afrikaanse Geslagregisters* (SAG) no. 2 p. 218
9 Akteskantoor, Kaapstad, Worcester Quits Vol.8 Fol. 3: Wandsbek 138, 21/5/1878 gekoop van Watermeyer deur Josias Christiaan Erasmus en ander naamlik Lourens Stephanus, Gabriel Johannes, Pieter Stephanus, Daniel Johannes. Word onderverdeel
10. KAB, VC39 vol.1, 1692 – 1700
11. Malan, Sasa, ‘Oor erte en bone uit die Bokkeveld’, *Capensis* 1/2009
12. Le Roux J G, J J Niemandt, Mariana Olivier, Ronel Olivier, *Bewaarders van ons erfenis*, Verspreider: Genealogiese Instituut van SA, Stellenbosch
13. GISA, SAG no.4 p.376
14. Paravicini di Capelli, W B E, *Reizen in de binnen-landen van Zuid-Africa*, Red. W J de Kock, Van Riebeeck-Vereniging, Kaapstad, 1965,
15. KAB, MOOC 7/1/111 (136 & 137)
16. KAB, 1/STB 15/7 Attestations 1789 – 1799. Erasmus Daniel Erasmus, 7.7.1798, Zwellendam na Stellenbosch
17. KAB, MOOC 13/1/424 (68)
19. KAB, MOOC 6/9/210 (621)
20. KAB, MOOC 13/1/1161 (94 & 95)
21. KAB, MOOC 6/9/219 (621) en die familie
22. Die familie

Die nakomelinge van die ander drie broers wat op die plaas geboer het en ook dié van hulle twee susters.
Deel 2

Louwrens Stephanus (d9e3f3) was een van 'n tweeling; hy en sy vrou **Maria Catharina Hendrina Pieterse** bly boer op hulle deel van Wansbek. Hulle het ses dogters en net een seun. Louwrens is in 1931 op die ouderdom van 92 op Wansbek oorlede. Hul seun Daniel Johannes trou met sy niggie (f8g3) en hulle woon ook op Wansbek. Die familie behou hulle verbintenis met Robertson en omgewing.

(gn = geen nageslag)

f3 **Louwrens Stephanus ERASMUS** *24.10.1838 De Fontyn †30.1.1931 Wansbek x **Maria Catharina Hendrina PIETERSE** *c1843 Jongensklip, Caledon †6.10.1887 d.v. Johannes Hubertus Pieterse en Johanna Christina Otto (MOOC 6/9/3874-29549/3 en die familie)

g1 **Johanna Christina** gn *26.5.1870 ≈20.7.1870 Robertson †10.2.1931

g2 **Anna Petronella** gn *9.10.1871 ≈2.12.1871 Robertson †8.11.1950

g3 **Daniel Johannes** *15.6.1874 x **Susara Susanna Sophia ERASMUS** (f8g3) *c1883 Wansbek †27.9.1951 Wansbek, d.v. Gabriel Johannes Erasmus en Martha Maria/Margaretha du Toit MOOC (6/9/18942-6515/51)

h1 **Louwrens Stephanus du Toit** *29.8.1907 ≈3.11.1907 Villiersdorp †8.6.1972 Robertson x **Johanna Magdalena REYNECKE**

i1 **Magdalena** *3.1.1942

h2 **Martha Margaretha** gn *7.5.1910 ≈7.8.1910 Robertson

h3 **Gabriel Johannes** gn *20.8.1913 ≈5.10.1913 Robertson †2.9.1986

h4 **Daniel Johannes** *6.2.1915 ≈4.4.1915 Robertson †9.10.1989 Montagu x **Jeanetta Louisa NEETHLING** †12.9.1979 (MOOC 8981/89 en die familie)

i1 **Lewende dogter** *6.5.1946

i2 **Lewende seun** *26.1.1949

i3 **Lewende seun** *5.8.1950

i4 **Lewende dogter** *10.6.1953

i5 **Lewende seun** (een van tweeling) *25.10.1955

i6 **Lewende seun** (een van tweeling) *25.10.1955

h5 **Stephanus Petrus** gn *21.10.1916 †16.7.1988

h6 **Maria Catharina Hendrina** gn *7.6.1922 Robertson †4.5.1983 Robertson

g4 **Maria Catharina** *29.7.1876 ≈Robertson †12.6.1942 Robertson x **Pieter Daniel Francois ROSSOUW (**MOOC 6/9/9063-79389)

Ses kinders: vyf seuns en een dogter

g5 **Sofia Maria** gn *16.2.1878 ≈18.2.1878 Robertson †10.2.1951 Wansbek

g6 **Susanna Aletta Gertruida** gn *22.6.1880 ≈3.10.1880 Robertson †14.10.1951

g7 **Lourensa Franstina** gn *3.6.1882 †2.6.1904 Wansbek

g8 **Magdalena Margaretha** gn *1.7.1886 †15.6.1907 x **Jan Hendrik KUUN**

Josias Christiaan (d9e3f6) het ook 'n deel van Wansbek besit. Hy was twee maal getroud: eers met Martha Magdalena Visser en ná haar dood met Magdalena Catharina du Toit. Hy boer blykbaar op Klipbergfontein in die nabyheid van Wansbek. Hy het net een seun, wat ook op Wansbek boer, maar ses dogters.

f5 **Josias Christiaan**, boer Klipbergfontein*4.9.1845 †30.8.1930 x c1870 **Martha Magdalena VISSER** †c1876 xx1.5.1877 **Magdalena Catharina du TOIT** *c1850 Ribbokskraal, d.v. **Stephanus Petrus du TOIT** en **Sara Susanna THERON** (*Du Toits van SA* deur A C Fuchs)

Eerste huwelik

g1 **Johanna Sophia** gn *12.12.1872 ≈2.3.1873 Robertson †voor 1943

g2 **Anna Petronella** gn *24.1.1874 ≈1.3.1874 Robertson †13.3.1943

g3 Martha Magdalena gn *16.2.1876 ≈13.5.1876 Robertson †voor 1943

Tweede huwelik

g4 **Sara Susanna** *27.10.1878 ≈1.12.1878 Robertson †6.7.1973 x c1895 **Johannes Josias MAREE** *25.11.1896 †22.11.1916 xx **Mattheus LOTTER** (Die familie)

Eerste huwelik

[h1] **Josias Servaas MAREE** *17.7.1897 †19.5.1967
[h2] **Jacobus Michiel MAREE** *10.7.1899 †17.5.1981
[h3] **Johannes Josias MAREE** *3.12.1901 ≈6.1.1902 Caledon †9.10.1982
[h4] **Daniel Johannes MAREE** *13.1.1903 †20.8.1965
[h5] **Magdalena Catharina MAREE** *19.8.1904 †5.4.1977
[h6] **Servaas Daniel MAREE** *4.11.1905 †10.10.1989
[h7] **Aletta Susanna MAREE** *21.3.1907 †5.6.1994

g5 **Daniel Johannes** *16.2.1881 ≈3.4.1881 Robertson †2.7.1918 Wansbek x **Martha Sophia FOUCHE** (MOOC 6/9/1152-2381)

h1 **Elizabeth Johanna** *4.7.1907 ≈1.9.1907 Robertson
h2 **Magdalena Catharina** *3.2.1909 x **Pieter Johannes de WET**
h3 **Josias Christian** *27.2.1912
h4 **Martha Sophia** *14.3.1916 ≈4.6.1916 Robertson

g6 **Helena Catharina** gn *24.3.1883 ≈3.4.1883 Robertson †voor 1943
g7 **Maria Magdalena** *11.5.1885 ≈2.8.1885 Robertson x **Francois Johannes FOUCHE**

Die derde broer wat ’n deel van Wansbek besit het, was Gabriel Johannes (d9e3f8) getroud met Martha Maria du Toit. Hierdie egpaar het twee seuns en een dogter nagelaat, die dogter trou met haar neef, seun uit ’n ander Wansbekgesin, dié van Louwrens Stephanus. Gabriel Johannes en sy nakomelinge het aanvanklik op Wansbek bly woon.

f8 **Gabriel Johannes ERASMUS** *27.10.1851 †17.6.1930 x5.9.1876 Robertson **Martha Maria/Margaretha du TOIT** *1.1.1848 †4.6.1919, d.v. **Stephanus Petrus du TOIT** en **Sara Susanna THERON** (MOOC 6/9/3726-26767 en die familie)

g1 **Daniel Johannes**, boer, Wansbek-Oos *3.10.1877 ≈7.10.1877 Robertson †17.2.1948 Kaapstad x **Susanna Helena de WET** *28.12.1880 Robertson †18.7.1971 Robertson (MOOC 6/9/14828-1355/48)

h1 **Anna Maria gn** (Moena) *4.8.1907 ≈6.10.1907 Villiersdorp
h2 **Gabriel Johannes**, boer Wansbek-Oos *12.9.1908 Robertson †9.11.1986 Robertson x **Agatha Maria RABIE** *15.4.1906 (MOOC 8351/86 en die familie)

i1 **Maria Elizabeth** (Marna) x **Daniel du PLESSIS**
Drie kinders: Een dogter en twee seuns

h3 **Hendrik Lourens**, boer by Vredendal *29.7.1910 ≈4.9.1910 Robertson †20.2.1985 Vredendal x **H M CONRADIE xx Johanna Maria BURNETT** *4.7.1927 (MOOC 1834/85)

Tweede huwelik

Een dogter en een seun

h4 **Martha Sophia** gn *27.10.1915 ≈2.1.1916 Robertson

g2 **Stephanus Petrus** *8.11.1879 ≈29.1.1880 Robertson †7.8.1955 Keeromstr. Robertson x **Martha Elizabeth Christina de KOCK** *24.4.1889 †7.5.1977 (MOOC 6/9/23689-4319/55 en familie)

h1 **Martha Maria** gn (een van tweeling) *8.4.1915 Robertson †4.4.1991 Bellville
h2 **Maria Catharina** gn (Mollie, een van tweeling) *8.4.1915 ≈6.6.1915 Robertson
h3 **Gabriel Johannes** gn *2.3.1917 †13.4.1992 Robertson ÷ c1980 **Rosa Hermiena SCHENK (**MOOC 3420/92)
h4 **Floris Johannes** gn *c1920 x **Martha Elizabeth le ROUX**
h5 **Stephanus Petrus,** landboukundige navorser, *9.7.1923 Wansbek †27.4.2002 Stellenbosch x **Christina Alma MARAIS** *25.9.1929

i1 **Lewende seun** *12.7.1957
i2 **Lewende dogter**
i3 **Lewende seun**
i4 **Lewende dogter**

i5 **Lewende seun**
h6 **Jacobus Johannes** gn *c1927
g3 **Susara Susanna Sophia** *c1883 Wansbek †27.9.1951 Wansbek x **Daniel Johannes ERASMUS** (f3g3) *15.6.1874, s.v. **Louwrens Stephanus ERASMUS** en **Maria Catharina Hendrina PIETERSE** (Haar kinders onder f3)

Daniel Johannes en Anna Petronella Erasmus het twee dogters gehad. Die susters, **Sophia Maria (d9e3f4) en Maria Magdalena (d9e3f9)** trou onderskeidelik met **Andries Stephanus du Toit** van Caledon en **Lucas Marthinus Hendrik Hamman** van Robertson.

f4 **Maria Magdalena** *c1841 †22.3.1927 Robertson x **Lucas Marthinus Hendrik HAMMAN** *1830 Dist. Caledon †7.6.1899 sy huis, Robertson, s.v. **Johannes Jurgens HAMMAN** en **Maria Margaretha SWART** (MOOC 6/9/389-1577)
[g1] **Johannes Jurgens HAMMAN** *c1870 x **Hester Susanna de KOCK**
[g2] **Anna Petronella HAMMAN** *29.12.1871 ≈4.2.1872 Robertson †voor 1899
[g3] **Marthinus Hendrik HAMMAN** *2.5.1874 ≈6.9.1874 Robertson †c1947 x **Catharina Ida van EEDEN** †15.5.1955
[g4] **Maria Margaretha HAMMAN** *12.4.1880 ≈4.7.1880 Robertson †4.11.1915 Waterval, Pk. De Molen, Dist Reitz, OVS x 26.7.1904 Robertson **Rasmus Daniel Johannes ERASMUS** (f1g8) s.v. **Abraham Petrus ERASMUS** en **Catharina Maria du Toit** (MHG E1033), Haar kinders volg onder f1

f5 **Sophia Maria ERASMUS** *c1842 †18.4.1926 Nooitgedacht, Caledon, huis van seun D J J d T x **Andries Stephanus du TOIT**, boer op Twaalffontein, 'n broer van haar oudste broer se vrou, *23.2.1841 Botrivier ≈9.5.1841 Caledon †21.9.1919 Nooitgedacht, Caledon, s.v. **Willem Johannes du TOIT** en **Margaretha Johanna Susanna du TOIT** (MOOC 6/9/3619-24414 en *Die Du Toits van SA* deur A C Fuchs)
[g1] **Daniel Johannes Erasmus du TOIT** *16.10.1871 x 1897 **Catharina Magdalena Gertruida du TOIT** *1868 †1937
[g2] **Andries Stephanus du TOIT** * 28.8.1874 x **Martha Magdalena VILJOEN** *15.6.1885
[h1] **Andries Stephanus du TOIT** boer, Greyton *23.8.1908 †4.3.1973.x **Susara Catharina Johanna ERASMUS** (f7g1h4) *1.1.1912 Bredasdorp †18.1.1978, d.v. **Daniel Johannes ERASMUS** en **Ester Jacoba VILJOEN**
[i1] **Lewende seun**
[i2] **Lewende dogter**
[i3] **Lewende seun**
[i4] **Lewende dogter**
[h2] **Sophia Maria du TOIT** *12.4.1912 x 22.8.1936 Greyton **Petrus Jacobus Viljoen ERASMUS (f7g1h2)** *5.5.1908 †31.8.1978 Bredasdorp, s.v. **Daniel Johannes ERASMUS** en **Ester Jacoba VILJOEN**. Haar kinders volg onder f7
[g3] **Rasmus Daniel Johannes du TOIT**.
[g4] **Anna Petronella du TOIT**.

Bronne en bedankings
Sterfkennisse soos in die register aangedui:
Argiefbewaarplekke in hoofsaaklik van Kaapstad, maar ook Bloemfontein, asook GISA op Stellenbosch.
Fuchs A C, *Die Du Toits van SA.*
Dank vir persoonlike mededelings en die bymekaarbring van inligting:
Danie en Petro Erasmus van Wansbek wat nie persoonlik genoem is by die eerste deel nie, ook Hanna Conradie—hoofsaaklik f9, maar ook ander
Magdalena Erasmus van Stellenbosch—veral f3 en f8
Marna du Plessis tans van Wellington—f8
Marlene Doman van die Strand—f5
Ewald Erasmus van Pretoria—f8

Nageslag van die drie seuns wat weggetrek het
Deel 3

Die nageslag van die oorblywende drie seuns van Daniel Johannes en Anna Petronella Erasmus se wortels gaan ook terug na Wansbek, hoewel hulle en hul nageslag uitgewyk het na Villiersdorp, Greyton/Caledon, Bredasdorp en Riversdal.

Abraham Petrus Erasmus (d9e3f1), die oudste van Daniel Johannes en Anna Petronella se kinders, en sy vrou Catharina Maria du Toit, **het tien kinders gehad, sewe seuns en drie dogters waarvan een nie getrou het nie.**

Die ses oudste kinders is tot 1874 op Robertson gedoop en die jongeres op Villiersdorp. Abraham Petrus was, afgesien van boer, ook wamaker met 'n werkswinkel op Villiersdorp. Die gesin het gewoon op Twaalffontein, die erfgrond van Catharina M du Toit, maar Abraham het ook die plaas Blikkiesvlei in dieselfde omgewing besit en in die omgewing van Wansbek was daar Jonasplaas en Trappieskraal waarheen vee in die winter gestuur is omdat dit daar warmer was.

Blikkiesvlei is later vir drie van die seuns verdeel, maar is mettertyd deur die staat oorgeneem vir die bou van die Theewaterkloofdam.

Die woonplaas, Twaalffontein, geleë in die omgewing van die Van der Stel-pas noord van Botrivier, is later ook in drie verdeel en elke stuk het sy eie naam gekry: Boplaas, Rooidak en Volmoed. Drie van die ander seuns het hier geboer; Volmoed was tot onlangs nog in die besit van die familie.

Abraham en Catharina Maria is albei oorlede op Twaalffontein.

Die sewende seun van Abraham en Catharina het na die Vrystaat verhuis.

Die enigste van die nageslag wat nog by Villiersdorp boer, is op Skoongesig, wat uit die vroulike lyn geërf is.

Lourens Erasmus (e3f1g10h2i1) van Kleinmond, die laaste Erasmus van Volmoed, vertel:

Die plaas Volmoed was maar klein en daarom het my pa, Johannes Marthinus, ook by ander boere gaan dors met 'n stoomtrekker en dorsmasjien. Hy het ook met 'n Diamond T-vragmotor transport gery tussen Villiersdorp en Elginstasie; hy het ook groente Hawston toe geneem en dit verruil vir vis wat vir rantsoene op die plaas gebruik is. My ouma het op die plaas 'n winkel gehad waar sy kruide-niersware verruil het vir byvoorbeeld eiers wat sy weer verkoop het.

Ek het vir 38 jaar op Volmoed geboer nadat ek die plaas by my pa oorgeneem het. Water was skaars en in 1980 het ek met my eie boormasjien 'n boorgat geboor tot 'n diepte van 420 meter (1330 vt). Dit het my 'n jaar en 'n half geneem en ons het baie water gekry; dit het teen 8100 liter per uur by die boorgat uitgeloop en die tempera-tuur was 30^{o}C wat redelik warm is. In 2002 het ek die plaas verkoop om af te tree.

f1 Abraham Petrus, boer van Twaalffontein *11.9.1837 Wansbek †11.10.1930 Twaalffontein, Villiersdorp x Catharina Maria du TOIT *1.12.1838 Bosrivier, dist. Caledon †28.6.1908 Twaalffontein, dist Caledon, d.v. Willem Johannes du TOIT en Margaretha Johanna Susanna du TOIT (MOOC 6/9/3848-29059, MOOC 6/9/601-2199 en die familie).

In die registers: 'gn' = geen nageslag

g1 **Daniel Johannes,** boer op die Boplaasdeel van Twaalffontein *11.2.1865 ≈12.3.1865 Robertson †6.4.1949 x **Elizabeth Johanna KRYNAUW** *c1872 Villiersdorp †18.7.1945 Villiersdorp (MOOC 6/9/15962-1964/49, MOOC 6/9/12118-748/45)

h1 **Maria Aletta Catharina** (May) *4.9.1886 x **Abre le ROUX**

[i1] **Dogter**

h2 **Abraham Petrus** *30.5.1898 x **de SWART**

i1 **Dogter**

h3 **Elizabeth Johanna** (Bessie) *16.3.1904 x **PIENAAR**

h4 **Daniel Eliza Krynauw** *30.10.1907 ≈2.12.1907 Villiersdorp x **Maria Barbara Triefyssen CONRADIE** (MHG 8291/83)
i1 **Seun**
i2 **Dogter**
i3 **Elizabeth Johanna** x **LOUW**
g2 **Margaretha Johanna Susanna gn** *17.7.1866 ≈18.9.1866 Robertson †6.4.1936 (MOOC 6/9/4799-51272)
g3 **Anna Petronella** gn *13.2.1868 ≈1.3.1868 Robertson †8.6.1925 Victoriastr. Villiersdorp x c1920 **Mattheus Gerhardus LOTTER** †25.12.1928 (MOOC 6/9/2808-8191)
g4 **Willem Johannes**, boer op 'n deel van Blikkiesvlei, *25.9.1869 ≈21.12.1869 Robertson †8.7.1952 Morester, Villiersdorp x **Catharina Margaretha LOTTER** (MOOC 6/9/19885-3877/52)
h1 **Abraham Petrus** *14.3.1896 Villiersdorp †27.11.1974 Goodwood x **Sara Susanna VILJOEN** *12.12.1900 †4.6.1980 CERES d.v. **Jacobus VILJOEN** en **Ellen van ZYL (**MHG 7939/74)
i1 **Seun**
i2 **Seun**
i3 **Dogter**
h2 **Anna Susanna** *12.10.1897 ≈12.12.1897 Villiersdorp x **Johannes du Toit le ROUX Sz**
h3 **Catharina Maria** *24.9.1900 x **Johannes du Toit le ROUX Mz**
h4 **Maria Elizabeth** *22.2.1902 x **Lukas de LANGE**
g5 **Catharina Maria** *11.5.1871 ≈29.6.1871 Robertson x **Roelof Andries GUNTER**.
[h1] **Margaret GUNTER gn** x **Peter MEKAY**
[h2] **Catharina GUNTER gn**
g6 **Abraham Petrus**, boer op 'n deel van Blikkiesvlei, *23.9.1873 ≈19.1.1874 Robertson †voor 1930 x **Margaretha Johanna FAURE**
h1 **Maratha**
h2 **Dolly** *12.7.1915 †18.10.1918
h3 **Abraham Petrus** *29.5.1920 †12.1.1994 x **Jacoba Magrietha SWART (**MHG 808/1994)
i1 **Dogter**
i2 **Dogter**
h4 **Izak Petrus** *c1931 x **Cornelia THERON**
g7 **Francois Johannes**, boer op 'n deel van Blikkiesvlei, Seekoeivlei, Villiersdorp *17.7.1876 Twaalffontein, Villiersdorp †26.11.1953 x **Johanna Louisa ROUX** *11.7.1876 †11.2.1930 (MHG 6/9/3674-2555 en die familie)
h1 **Abraham Petrus** (Awie) *2.12.1904 Waterval, Villiersdorp ≈8.1.1905 Villiersdorp †3.7.1997 x 2.7.1941 **Susanna Elizabeth** (San) **van ZYL** *16.3.1920 Roland, Albertinia †1.8.2010, d.v. **Frederick Johannes van ZYL** en **Catharina Johanna Gertruida GELDENHUYS**
i1 **Seun: Twee dogters**.
i2 **Seun: Vier kinders: Een dogter en drie seuns**
i3 **Dogter**
i4 **Dogter**
i5 **Seun: Drie seuns**
h2 **Petrus Daniel** *25.7.1906 ≈2.9.1906 Villiersdorp x **Johanna Petronella** (Hanna) **de WET**.
i1 **Seun: Twee dogters en een seun**
i2 **Seun**
i3 **Dogter**
h3 **Francois Johannes** *19.2.1909 Villiersdorp †30.6.1984 x **Sara Wilhelmina ROUX** *9.9.1913 †4.11.1994 (MHG 5070/84)
i1 **Dogter**
i2 **Dogter**
i3 **Dogter**
i4 **Seun: Twee seuns en een dogter**

i5 **Jacobus Francois Roux** (Koos) *17.9.1953 x **Sara Catharina BOSCH** *9.10.1956.
Twee seuns en twee dogters
h4 **Johannes/Jan Daniel** *20.12.1913 Villiersdorp †11.5.2000 George x **Francina Johanna NORTJÉ** *21.5.1916 (MHG 5693/2000)
i1 **Francois Nortjé**
i2 **Jan Christoffel** †voor 2000
i3 **Braam Daniel**
h5 **Hester Johanna** x **Stanley HAWKINS**
g8 **Rasmus Daniel Johannes** , gaan boer in die Vrystaat *30.9.1877 ≈2.12.1877 Villiersdorp x 26.7.1904 Robertson **Maria Margaretha HAMMAN** (sy kleinniggie, d9e3f4[g4]) *12.4.1880 ≈4.7.1880 Robertson †4.11.1915 Waterval, dist.Reitz d.v **Lucas Marthinus Hendrik Hamman** en **Maria Magdalena Erasmus** xx **Anna Susanna Salomina HAMMAN (**MHG E1033 en die familie)
h1 **Maria Magdalena** *29.4.1905 ≈2.7.1905 Villiersdorp
h2 **Abraham Petrus** *10.12.1908 x **Francis SWANEPOEL** *12.12.1908 †15.10.1981 (MHG 123/82)
i1 **Daniel Johannes** *10.8.1931 †29.8.1974 x **Christina Hendrina DE LANGE (**MHG 6026/74)
Twee dogters
h3 **Marthinus Hendrik** *22.7.1911 x **Anna Magdalena BRITS**
i1 **Rasmus Daniel Johannes**, dept. hoof, Outiniqua-Hoërskool, George *9.5.1940 Aranos, SWA †11.12.1989 George x **Danolena MOSTERT** (MHG 493/90)
Een seun en een dogter
h4 **Catharina Maria** *6.6.1914 x **Jan van WYK**
Tweede huwelik
h5 **Maria Magdalena** (Dot) *1925 SWA x **Izak Jacobus (Koos) COETZEE**
g9 **Andries Stephanus**, boer op die Rooidakdeel van Twaalffontein, *15.6.1879 ≈8.8.1879 Villiersdorp x 8.3.1910 Caledon **Martha Johanna** (Baby) **du TOIT** *29.4.1886, d.v. **Jacobus Gabriel du TOIT** en **Martha Johanna Hendrina du PLESSIS** (Die familie en *Die Du Toits van SA)*
h1 **Abraham Petrus** *24.3.1911 ≈7.5.1911 Villiersdorp x **Stienie FOURIE**
h2 **Jacobus Gabriel** *voor 1930 x **Susanna Wessels**
h3 **Andries Stephanus** x **Daphne HOLDEN**
h4 **Petrus Daniel** x **Susanna van As**
h5 **Daniel George** x **Rosa MEYER**
h6 **Philippus Daniel** x **Joey NN**
h7 **Willem Petrus** x **Ina du PREEZ**
g10 **Lourens Stephanus** , boer op die Volmoed-deel van Twaalffontein, *21.7.1881 ≈4.9.1881 Villiersdorp †12.4.1949 Kleinmond x **Maria Christina LINGENVELDER** †2.12.1941 (MOOC 6/9/15961-1956/49 en die familie
h1 **Abraham Petrus** *27.10.1913 †28.5.1919
h2 **Johannes Marthinus** *23.19.1916 Villiersdorp †30.5.2003 Kleinmond x **Margaretha Johanna SWART (**MHG 6951/2003 en die familie)
i1 **Lourens Stephanus**, boer Volmoed tot 2002, *2.10.1945 x **Catharina Maria ROSSOUW**
j1 **Johannes Marthinus**
i2 **Johannes Marthinus**, vakleerling-werktuigkundige, *5.10.1949 Villiersdorp †11.11.1970 Groote Schuur-hospitaal, Kaapstad (MHG 1311/1971)
i3 **Catharina Helena** (Kathleen) x **JOUBERT**
i4 **Maria Christina** (Emce) x **CILLIE**
h3 **Maria Christina** *18.10.1925 x **Jacob Daniel SWART**

Die volgende twee seuns van Daniel Johannes Erasmus (d9e3) was 'n tweeling: Rasmus Daniel Johannes (f2) en Lourens Stephanus (f3). Laasgenoemde was een van die broers wat op Wansbek geboer het en sy stamboom het reeds verskyn in *Capensis* 1/2011.

Rasmus Daniel Johannes trou met Johanna Margaretha de Kock en hoewel hul kinders tot 1876, vier seuns en ses dogters, op Robertson gedoop is, is hulle albei oorlede op De Fonteinkloof, Caledon. Van hul vier seuns het slegs twee hulle oorleef (Floris Johannes *1876 en Abraham Petrus *1879 wie se nageslag nog daar boer).

f2 Rasmus Daniel Johannes *24.10.1838 †4.7.1913 x Johanna Margaretha de KOCK *c1834 Saleryfontein, dist Caledon †1.8.1911 Fonteinkloof, dist Caledon, d.v. Josias Stephanus de KOCK en Maria Catharina SWART (MOOC 13/1/2345-95, MOOC 6/9/678-2974)

g1 **Maria Catharina** *16.6.1856 ≈29.8.1856 Robertson x **Floris Johannes de KOCK**
g2 **Anna Petronella** *8.7.1866 ≈18.9.1866 Robertson †20.11.1942 Greyton x 29.3.1887 Caledon **Floris Johannes du TOIT**, Boer Varsfontein, Greyton, *18.6.1858 ≈22.9.1858 Somertset-wes †31.12.1939 Tuis, s.v. **Stephanus Daniel du TOIT** en **Maria Catharina de KOCK** (MOOC 6/9/9638-82642 en *Die Du Toit's v. SA*)
[h1] **Stephanus Daniel (Petrus) du TOIT** *7.10.1887 Remgat.
[h2] **Rasmus Daniel Johannes du TOIT** gn *28.11.1888 Remgat †voor 1942 x **Cornelia Margaretha du TOIT** *16.9.1886, d.v. **David Jacobus du TOIT** en **Cornelia Margaretha BREDENKAMP**
[h3] **Floris Johannes du TOIT gn** *7.10.1890 ≈4.5.1890 Caledon †voor 1942
[h4] **Johanna Margaretha du TOIT gn** *10.7.1892 †voor 1942
[h5] **Maria Catharina du TOIT** *30.1.1895 x **SWART**
[h6] **Anna Petronella du TOIT** *6.6.1897 x **van EEDEN**
[h7] **Catharina Wilhelmina du TOIT** *23.12.1899 x **OPPERMAN**
[h8] **Daniel Johannes du TOIT gn** *18.4.1902 ≈Junie 1902 Caledon †voor 1942
[h9] **Sophia Maria du TOIT gn** *1.7.1903 †voor 1942
[h10] **Josia Stephanus du TOIT** *4.6.1905
[h11] **Susanna Elizabeth du TOIT** *15.12.1907 x **MORKEL**
[h12] **Abraham Erasmus du TOIT gn** *00.12.1909 †voor 1942
g3 **Johanna Margaretha** *5.10.1867 ≈12.1.1868 Robertson x **Pieter Paul de KOCK**, Boer op Verdwaaldhoek, †voor 1911 (MOOC 6/9/678-2974, Caledon-dope)
[h1] **Josias Stephanus de KOCK** *17.2.1891 ≈3.5.1891 Caledon
[h2] **Johanna Margaretha de KOCK** *27.9.1898 ≈4.2.1899 Caledon
g4 **Sophia Maria** *15.5.1869 ≈15.8.1869 Robertson †25.6.1943 Blaauwbank, Caledon x **Floris Johannes JSz de KOCK (**MOOC 6/9/10247-87103)
[h1] **Elsabe Maria de KOCK gn** *26.8.1898 ≈2.10.1898 Caledon † voor 1943
[h2] **Josias Stephanus de KOCK** *30.4.1900 ≈3.8.1900 Caledon
[h3] **Johanna Margaretha de KOCK x Servaas Hermanus de KOCK**
[h4] **Sophia Maria de KOCK**
[h5] **Floris Johannes de KOCK**
g5 **Daniel Johannes gn** *16.2.1871 ≈2.4.1871 Robertson † jonk
g6 **Josias Stephanus Christiaan gn** *14.8.1872 ≈11.12.1872 Robertson †jonk
g7 **Rastina Danielina Johanna gn** *1.5.1874 ≈19.8.1874 Robertson †jonk
g8 **Floris Johannes** *15.1.1876 ≈25.7.1876 Robertson
g9 **Abraham Petrus** *2.7.1879 ≈7.9.1879 Robertson †4.3.1922 x **Elizabeth Johanna VILJOEN** †1948 d.v. **Wynand Petrus Johannes VILJOEN** en **Maria Jacoba de WET**
h1 **Rasmus Daniel Johannes**, Boer op Fonteinskloof, Greyton, *25.1.1907 Greyton †10.2.1971 Fonteinskloof, Greyton x **Johanna Magrietha VILJOEN** *13.2.1909 †3.6.1965 d.v. **Pieter Johannes** (Boy) **VILJOEN** en **Petronella Jacoba VILJOEN** MHG 911/71
i1 **Abraham Petrus** *28.6.1942 Caledon †21.9.1999 x **Nelmarie NEL** *22.4.1938 (MHG 10473/99)
i2 **Petronella Jacoba x Paul Roux VILJOEN**
i3 **Pieter Johannes Viljoen**.
h2 **Petrus Gerhardus** *29.5.1917 Greyton †15.9.1996 Riviersonderend x 21.5.1949 Villiersdorp **Catharina Maria MARAIS** *15.1.1919 Villiersdorp †16.6.1990 Caledon, d.v.

Hermanus Christiaan MARAIS en **Aletta Maria le ROUX (**MHG 9459/96, MHG 5431/90)

i1 **Seun**

h3 **Abraham Petrus** *4.6.1921 Greyton †20.8.1987 Caledon Hospitaal x Caledon **Isabella Lodewina van DYK** (MHG 6666/87)
Vyf kinders: Twee seuns en drie dogters

g10 **Susanna Elizabeth** *8.12.1880 Fonteinskloof †5.7.1954 Alexanderkloof x **Petrus Gerhardus VILJOEN** *26.4.1883 McGregor †6.1.1942, s.v. **Wynand Petrus Johannes VILJOEN** en **Maria Jacoba de WET (**Viljoen-register)

[h1] **Johanna Margaretha VILJOEN** *1907

[h2] **Maria Jacoba VILJOEN** *15.8.1908 Alexanderkloof.

[h3] **Wynand Petrus Johannes VILJOEN** *13.10.1909 x **Magdalena Catharina FOUCHE** *1.8.1913, d.v. **Francois Johannes FOUCHE** en **Maria Magdalena NN**

[h4] **Susanna Elizabeth VILJOEN** *1910

[h5] **Rasmus Daniel Johannes VILJOEN** *5.7.1913 †15.5.1989

[h6] **Elisabet Johanna VILJOEN** *1920

[h7] **Petrus Gerhardus VILJOEN** *7.7.1923 †7.7.1982.

Johannes Gideon Cornelis (f7) is op 32 jaar oorlede, volgens sy sterfkennis in sy huis op Robertson; van beroep was hy ’n boer en wamaker. Wamakery is ’n bedryf wat vroeg opgang gemaak het in hierdie omgewing en dit hang blykbaar saam met die ontdekking van diamante in Griekwaland-wes en van goud aan die Witwatersrand. Na beweer word, het meer as die helfte van Robertson se mansmense hulle daarna gaan toelê op die kar- en wamakery . . . Togryers het die waens opgekoop en dan teen groot wins in die Vrystaat en die ZAR gaan verkoop [H A Tromp].

Johannes, of Jannie, die wamaker, was getroud met Martha Magdalena Viljoen en hy het twee seuns en ’n dogter nagelaat. Sy weduwee hertrou met Daniel Tobias Brand en sy is begrawe op die plaas Tanagra naby McGregor; uit haar tweede huwelik is drie kinders gebore.

Johannes se twee seuns het in die omgewing van Bredasdorp gaan boer waar van hulle nageslag vandag nog woon.

Die oudste, Daniel Johannes, word volgens sy sterfkennis verbind met die plase Goedvertrouw, Langefontein en Boekema, sy oudste seun Johannes Gideon boer later op Wolvekop. Petrus Gerhardus, die jonger seun van Johannes Gideon Cornelis, word die eienaar van Melkbosch noord van Bredasdorp, en sy seun Johannes Gideon boer ná hom ook daar.

f7 Johannes Gideon Cornelis ERASMUS, Boer en wamaker *1849 †21.2.1881 Sy huis, Robertson x Martha Magdalena VILJOEN *3.4.1851 †27.12.1908 Tanagra, McGregor, d.v. Petrus Gerhardus VILJOEN en Martha Magdalena MARAIS MOOC 6/9/179 (1516) CSC 2/6/1/392 (41) GGSA-grafskrifte

g1 **Daniel Johannes** *2.2.1875 ≈7.3.1875 Robertson †7.6.1943 Sy huis, Bredasdorp x **Ester Jacoba VILJOEN**, d.v. **Petrus Jacobus VILJOEN** en **Susara Johanna Catharina ROUX (**MOOC 6/9/10127-86213 en die familie)

h1 **Johannes Gideon** (Jannie) , Boer op Wolvekop, Riversdal *23.2.1907 Robertson †25.10.1975 Swartheuwel, Riversdal x 4.6.1940 Riversdal **Beatrix Susanna Margaretha** (Margie) **CRONJÉ (**MHG 6860/75)
Twee seuns en een dogter

h2 **Petrus Jacobus Viljoen** *5.5.1908 †31.8.1978 Bredasdorp x 22.8.1936 Greyton **Sophia Maria du TOIT** *12.4.1912, d.v. **Andries Stephanus du TOIT** en **Martha Magdalena VILJOEN** (MHG 5527/1978)

i1 **Daniel Johannes** *1.7.1937 Bredasdorp †10.2.1996 Bredasdorp x **Susanna BADENHORST** (MHG 1660/96)
Seun: Een dogter en een seun
Seun: Twee kinders
Dogter

i2 **Andries Stephanus** (Andre) **x Elma CUSTIN**
Seun: Een seuns
Seun: Een seun en een dogter
i3 **Jacobus** (Kobus) **x Wilma JANSE van RENSBURG**
Twee seuns en een dogter
i4 **Marius x Joey VERWEY**
Twee seuns
i5 **Johannes** (Johan) **x Rita OELOFFSE**
Een seun en een dogter
i6 **Petrus Jacobus gn** (Pietie) †voor 1978
h3 **Daniel Johannes** *28.2.1910 Bredasdorp †13.8.1978 Bredasdorp x 19.9.1944 Bredasdorp **Cornelia Margaretha LOURENS** *11.7.1920 (MHG 5397/78)
i1 **Daniel Johannes** (Deon) *c1946 x **Sara Elizabeth VISAGIE**
Een seuns en twee dogters
i2 **Elizabeth Magdalena** (Beatrice) *c1948 x **Johannes Christoffel** (Hannes) **PRETORIUS**
Twee seuns
i3 **Petrus Johannes** *c1954 x **Susara Susanna** (Sarina) **NEETHLING**
Drie kinders
i4 **Esther Jacoba** *26.9.1959 x **Petrus** (Piet) **NEL**
Een seun en een dogter
i5 **Cornelia Margaretha gn** *08.01.1961
h4 **Susara Catharina Johanna** *1.1.1912 Bredasdorp †18.1.1978 x **Andries Stephanus du TOIT**, Boer, Greyton, *23.08.1908 †04.03.1973, s.v. **Andries Stephanus du TOIT** en **Martha Magdalena VILJOEN** (Die Du Toit's van SA)
Twee seuns en twee dogters
h5 **Magdalena Ester** *c1917 x **Wessel Odendal STEYN**
Twee seuns en twee dogters
h6 **Ester Jacoba gn** *c1919 x **Melt van NIEKERK**
h7 **Jacobus** (Kotie) *c1921 x **Lynette VOSTER**
Een dogter en een seun
h8 **Susanna** *31.8.1923 x **Daan BRUWER**
Drie seuns
g2 **Martha Magdalena** *16.6.1878 ≈4.10.1878 Robertson x **Petrus Jacobus VILJOEN**
[h1] **Jacob Petrus VILJOEN** *28.10.1897 ≈5.12.1897
g3 **Petrus Gerhardus**, Boer op Melkbos, Bredasdorp *1.11.1880 ≈5.12.1880 Robertson †26.7.1967 x **Maria Jacoba VILJOEN** *6.2.1886 †4.10.1953, d.v. **Wynand Petrus Johannes VILJOEN** en **Maria Jacoba de WET**
h1 **Johannes Gideon** (Jannie) *2.9.1907 Bredasdorp †5.5.1998 Bredasdorp x 1943 **Cornelia Johanna FOURIE** *25.4.1912 †15.11.1980 xx **Henrietta METELERKAMP (**MHG 4423/98)
i1 **Jeanette** *18.2.1950 x 23.2.1970 **Frederick Ryk Ludolph Neethling** (Frikkie) **VILJOEN** *7.7.1929 †11.9.1998 Bredasdorp, s.v. **Francois Johannes de Wet VILJOEN** en **Maria Susanna Rosa NEETHLING**
Twee dogters
h2 **Maria Jacoba** (Rattie) *28.2.1911 †30.5.1998 Bredasdorp x **Arend MOELICH** *22.6.1901 †2.11.1975
Een dogter
h3 **Wynand Petrus Johannes** *8.8.1912 †na 00.7.2008 x **Jacoba ROUX**
Twee seuns en twee dogters
h4 **Martha Magdalena** (Matty) *20.10.1914 †20.7.1998 Bredasdorp x **Jacobus Magritus** (Koos) **WESSELS** *7.9.1908 †29.11.2003
Sewe kinders: Vier seuns en drie dogters
h5 **Elizabeth Johanna** (Bettie) *20.10.1914 †2003 Strand x **Jan Swart WILLEMSE**
Een seun

h6 **Petro** *7.9.1917 †2.11.1956 Bonnievale x **Gabriel Johannes** (Gawie) **ROUX** *6.8.1911 †2.7.1977 Bonnievale, s.v. **Jacobus Gerhardus ROUX** en **Susara Dorothea le ROUX**
Twee dogters en een seun

Bronne en bedankings

Sterfkennisse soos in die register aangedui is verkry van:

Argiefbewaarplekke, hoofsaaklik in Kaapstad maar ook Bloemfontein, Genealogiese Instituut van Suid-Afrika op Stellenbosch (ook dope) en die Kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Kaapstad (MHG's)

Fuchs A C, *Die Du Toits van Suid-Afrika*

Tromp H A. *Robertson 1853—1963*, Eeufeeskomitee van Robertson, 1953

Dankie vir persoonlike mededelings, bymekaarbring van inligting en foto's:

Rina Brink vir die afskryf van sterfkennisse by die Meester se Kantoor
Francois (f1g7h3i4) **en Denise Erasmus** van Skoongesig, Villiersdorp—f1
Lourens Erasmus (f1g10h2i1) van Kleinmond—f1 en ook ander
Sara Erasmus van Bredasdorp—f7 (Eggenote van f7g1h3i1)
Helena Gardner op destydse GenForum—f1g7
Paul le Roux van die Paarl—f7 (Eggenoot van f7g3h1i1j2)
Prof Christo Viljoen vir insae in die Viljoenregister